MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

2 Oktober 2020

OB 23/K3-2020: BEHEERLIGGAAM TUSSENVERKIESING: 22 OKTOBER 2020

U ontvang vandag 'n formele kennisgewing insake die beheerliggaam tussenverkiesing, wat op 22 Oktober om 18h30 gehou word. Die reëls van die verkiesing is ook aangeheg. Ons het reeds kennis gegee dat mnr. Riaan Janse van Rensburg bedank het.

Mnr. Werner van der Merwe is intussen deur die beheerliggaam gekoöpteer, vir die portefeulje Veiligheid en Infrastruktuur. Ons bedank hom graag vir sy bereidheid om te help – hy het dadelik die portefeulje Veiligheid en Infrastruktuur oorgeneem.

Die prosedure, soos aangekondig in die Buitengewone Provinsiale Koerant van 31 Januarie 2006 en Provinsiale Kennisgewing 156/2017 van 17 Augustus 2017, sal geld vir hierdie verkiesing.

- Elke ouer van een of meer leerders op die register van 'n skool ten tyde van die verkiesing van lede van 'n beheerliggaam vir sodanige skool, is geregtig om by sodanige verkiesing te stem en slegs sodanige ouers sal tot die stemlokaal toegelaat word.
- COVID-19 veiligheidsmaatreëls geld: almal moet maskers dra, ouers se hande sal gesaniteer word en elkeen se temperatuur moet geskandeer word. 'n Maksimum van 250 persone mag op 1 slag in die saal toegelaat word, daarom **moet u asb. vooraf registreer as kieser**, sodat ons die nodige reëlings kan tref. Registrasievorms sal in harde kopie aan die oudstes en enigstes uitgedeel word.
- Die stemlokaal sal die skoolsaal wees.
- Iemand wat geregtig is om te stem, het een stem ten opsigte van enige besondere kandidaat; met dien verstande dat die totale getal stemme van so iemand nie die getal lede wat verkies moet word, oorskry nie. (Ons kies slegs 1 kandidaat)
- Die voorgestelde kandidate sal voor stemming kans kry om hulself aan die ouers voor te stel.

Mnr. J. Pekeur, van Ashbury Primêr, sal as kiesbeampte tydens bogenoemde verkiesing optree. 'n Kworum van 10% van die ouers op die kiesersrol word die betrokke aand benodig, sodat stemming kan voortgaan. Indien daar nie by hierdie vergadering 'n kworum ouers teenwoordig is nie sal die volgende vergadering op 5 November 2020 om 18:30 plaasvind; geen kworum word vir die tweede vergadering benodig nie.

Wees asb. betrokke by bogenoemde verkiesing. Die beheerliggaam speel 'n baie belangrike rol in die effektiewe funksionering van die skool.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 2080